SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 08 NOVEMBER 2020

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____
(jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE DATUM VIR DIE 2021 SARL NASIONALE KONVENSIE

PADVINDERS SA ERKEN AMATEUR RADIO

en

KOMPETISIE EN KLUB NUUS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin hierdie bulletin met die nuus van 'n stil sleutel:

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Henk Toxopeus, ZS1ACD op Vrydag 6 November 2020 stil geword het na 'n lang siekte.

Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou Margreta, ZS1TOX, familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE DATUM VIR DIE 2021 SARL NASIONALE KONVENSIE

Die Raad het op sy vergadering op 5 November bepaal dat die 2021 SARL Nasionale Konvensie op Vrydag 16 en Saterdag 17 April 2021 gehou sal word by 'n plek wat deur die Sandton ARK gereël word.

Lede word uit genooi om mosies vir bespreking by die 2021 AJV in te dien, om hul mede-radio amateurs vir SARL Toekennings en Trofeë aan te wys en om

minstens vyf radio amateurs aan te wys om vir die volgende twee jaar op die Raad te dien. Die relevante dokumente is op die Liga-webwerf beskikbaar, volg die skakel vanaf die voorblad.
Lede word ook uitgenooi om voorstelle vir Referate vir die 2021 SARL Simposium op 16 April 2021 in te dien. Stuur jou voorstelle na Secretary@sarl.org.za.

DIE KONSEP 2021 BLOU BOEK IS GEREED VIR 'N FINALE KONTROLE

Die 2021 Blou Boek is opgedateer en is gereed vir 'n finale kontrole voordat dit gereed is vir die 2021-kompetisie jaar. Die PDF-dokument kan van die Liga-webwerf afgelaai word. Stuur jou kommentaar teen Woensdag 18 November 2020 na contest@sarl.org.za.

PADVINDERS SA ERKEN AMATEUR RADIO

Richard Hooper, ZS6RKE, het die SARL meegedeel dat Padvinders SA uiteindelik die Amateur Radio Operateurs Kenteken by die Padvinders belangstelling Kentekens en Uitdagings Toekennings gevoeg het. 'n Padvinder met die Klas B-lisensie, sal die Amateur Radio Operateurs Belangstelling kenteken ontvang, terwyl 'n Padvinder met die Klas A lisensie die Amateur Radio Operateurs Uitdagings kenteken sal ontvang. Volwasse leiers wat 'n radio amateur lisensies het, sal ook erkenning ontvang.

Nico van Rensburg, ZS6QL bedank Richard, ZS6RKE, Brian, ZS6BV en Dennis, ZS4BS vir die waardevolle terug voer oor die kenteken-vereistes wat hulle voorsien het. Dit het meer as 7 jaar geneem om die amateur radio operateurs kenteken in die Padvinder program op geneem te kry. Daar word gehoop dat meer jongmense deur die Padvinders tot Amateur Radio aan getrek sal word.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

KOMPETISIE NUUS

Die tweede been van die SARL BHF/UHF Analoog kompetisie vind plaas vanaf 12:00 UTC op Saterdag 14 November tot 08:00 UTC op Sondag 15 November 2020. GG, ESB en FM-aktiwiteite vind plaas op 6, 4 en 2 meter sowel as 70 en 23 cm en hoër. Die uitruiling is 'n RS-verslag en die volledige ses-syfer Maidenhead-ruit blok. Jy kan deelneem as 'n enkele operateur, 'n multi-operateur, 'n draagbare/veldstasie, 'n beperkte 4 uur of 'n slegs FM-stasie.

Die sesde been van die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop is op die lug vanaf 17:00 tot 18:00 UTC op Woensdag 18 November. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag en 'n vier-syfer-ruit blok. Jy verdien 2 punte per QSO en 2 punte per nuwe ruit blok wat jy werk.

Vind die reëls vir die twee kompetisies op bladsy 46 en 64 van die 2020 Blou Boek.

Die ADV Buis QSO Geselligheid is die naweek van 3 en 4 November gehou, met AM en SSB as werkswyses. Die QSO-partytjie was goed bygewoon en daar het baie stasies deelgeneem, maar baie min logstate is ingedien. Weereens was die gebruik van 'n hibride of 'n buis radios die regte manier in beide kategorieë. Band toestande is ook altyd 'n faktor en met die meeste roepseine wat van Afdelings 1 en 6 kom, was dit die af geleë stasies wat die meeste QSOs gewerk het. Wie weet, miskien is daar miskien nog meer stasies wat na die plesier sal kom as ons 'n op swaai in die band toestande sien.

In die AM-afdeling het altesaam 16 stasies deelgeneem en slegs 3 logstate is ingedien, terwyl altesaam 36 stasies in die ESB afdeling deelgeneem het met 4 logstate ingedien.

AM-afdeling:
1ste Andre Botes ZS2ACP
2de Jerry van Zijl ZS2TL

ESB Afdeling:
1 ste Andre Botes ZS2ACP
2de Jerry van Zijl ZS2TL
3de Theunis Potgieter ZS2EC

Baie geluk aan die wenners en baie dankie aan almal vir die deelname

KLUB NUUS

Die Algemene Jaarvergadering van die Johannesburgse Amateurradioklub is op Saterdag 24 Oktober 2020 gehou. Tydens hierdie vergadering is die volgende lede verkies om in die komitee vir 2020/2021 te dien:

Voorsitter: Kobie van Zyl, ZS6KVZ
Ondervoorsitter: Errol de Lange, ZS6KED
Sekretaris: David le Grange, ZR6DLG
Tesourier: Steven Baynes, ZS6XU
HF assessor en RAE koördineerder: Graham McNally, ZS6GPM
Fasiliteit koördineerder: Ronald Verweerdt, ZS6RVC

Die Algemene Jaarvergadering van die Wesrand Amateurradioklub is op Saterdag 31 Oktober 2020 gehou en die volgende lede is tot die komitee verkies.

Voorsitter: Phillip van Tonder, ZS6PVT
Ondervoorsitter: Anthony Rouquette, ZS6ANT

Sekretaris: Beverley van Tonder, ZR6BVT
Tesourier: Gert du Plessis, ZR6GRT
Tegnies: Nic Van Duffelen, ZR6AEZ
RAE: Stephen Reynolds, ZS6SJR
Lede: Wynand Nel, ZS6WY; Vaugh le Roux, ZS6VLR; Danie Schnetler, ZS6DPS; Dinie Schnetler, ZS6DNI; Jack Kotze, ZS6JJK; Veronica Kotze, ZR6TVK; Nick Dreyer, ZS1N en Willem Weideman, ZS6X.

Ons wens hierdie twee nuwe komitees alle sterkte toe in hul nuutverkose rolle in die diens van die Klubs en lede in die komende jaar.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot matig gaan wees. Tans is daar 'n enkele sonvlek met eenvoudige magnetiese same stellings sigbaar. Hy kan die bron van C-klas sonfakkels wees. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van twee-en-twintig vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laat middag goeie DX openinge op die 12 tot 30 m bande verwag. 10 m kan ook aangenaam verras. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke: (raadpleeg die organiseerders of die geleentheid nog op die kalender is)

11 November - Herinnerings Dag
14 November – die Overberg ARK AJV en ADV vergadering in Stanford
14 en 15 November - die SARL BHF/UHF analoog kompetisie
18 November - die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop en die sluitingsdatum vir kommentaar op die 2021 Blou Boek
21 November - die SARL Newbie Partytjie
28 November - die Wesrand snuffelmark en die jaareind funksie van die Kaapstadse Amateurradiosentrum
28 en 29 November - die CQ WW DX GG kompetisie
1 Desember - die begin van die YOTA-maand
5 Desember - die Desember RAE en die SARL 95 40 m Klub Naelloop
12 en 13 Desember - die ARRL 10 m kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die Raad het tydens sy vergadering op 5 November bepaal dat die 2021 SARL Nasionale Konvensie op Vrydag 16 en Saterdag 17 April 2021 gehou sal word. Lede word uit genooi om mosies vir bespreking by die 2021 AJV in te dien, om hul mede-radio amateurs vir SARL Toekennings en Trofeë aan te wys en om minstens vyf radio amateurs aan te wys om vir die volgende twee jaar op die Raad te dien. En om voorstelle in te dien vir Referate vir die SARL

Simposium.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.